

# 17. Daniël eet nie die koning se kos nie

Daniël en sy 3 Vriende I



**Doelwit:** Dat die kleuters deur die verhaal van Daniël en sy weiering om die koning se kos te eet, sal ontdek dat die Here vir ons sal sorg as ons aanhou om Hom te dien.

**Bybelgedeelte:** Daniël I

**Kerngedagte:** Die Here sorg vir my as ek Hom dien.

**Kernvers:** Psalm 37:18 'Die Here sorg vir ... die opregtes ...'



## Vorbereiding

### Vorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepleiding (GGB)

- Groot kaart (A1- of A0-grootte) van die Oud-Nabye Ooste, met o a Juda en Babilonië (Kyk in Bybel vir kaart en teken dit dan groter)
- Die volgende karakters wat op papierhanddoek- of toilettrolle geplak kan word of die rolle self kan soos karakters aangetrek word, met 'n voetstuk waarop elkeen kan staan en skuif: 3 Israeliete as 'n groep (wat na Babilonië toe gaan), 5 Israeliete as 'n groep (wat in Juda agterbly), Daniël, 3 Vriende, koning, hoofpaleisbeampte (koning se werker), amptenaar van hoofpaleisbeampte (helper van koning se werker) (Sien Aktiwiteitblad)
- Prente van 'n kroon (wat God voorstel) en 'n afgod/ beeld (wat 'n dooie god voorstel)
- (Plastiek) vleis op bord en leë wynglas asook (plastiek) groente op bord en leë waterglas

### Vorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepleiding (KGB)

- Gekookte speelklei in drie kleure om groente mee te maak, bv. groen, oranje en rooi vir elkeen. Dit kan ook gebeur word. (Sien Aktiwiteitblad)
- Polistireenbord om op te werk vir elkeen



## Ontvangs

### Ontvangs

Die Grootgroepleier (GGL) en Kleingroepleiers (KGL's) moet ruim voor die Ontvangs van die kinders in die kleuterlokaal wees om: 1) die lokaal finaal voor te berei om self voorberei te wees en 'n gevoel van rustigheid en veiligheid vir die kleuters later te skep en 2) voorbidding vir die Ontmoeting te doen.

Met die Ontvangs van die kleuters moet die KGL's 1) die registrasie van die kleuters reeds hier afhandel en 2) dan op ooghoogte op die vloer in hulle kleingroep speletjies met hulle speel om 'n vertrouensverhouding met hulle te ontwikkel en hulle verder rustig te maak en veilig te laat voel.

## Ontspanne spel

Kleuters kan legkaarte bou, met boublokke en sommer enige ander speelgoed speel en ook deur boekies blaai. Hulle kan ook met plastiek groente, -vrugte, -eetgerei en -breekgoed speel.

## Opruimtyd

Kleuters moet 'n paar minute voor die tyd gewaarsku word dat die speletjies opgeruim gaan word. 'n Opruimliedjie kan gesing of tot by vyf getel word sodra dit tyd vir opruim is. Legkaarte op borde behoort gebou te wees om só seker te maak al die legkaartstukkie is daar, speelgoed behoort op regte plekke uitgesorteer te wees en so help almal speel-speel dat alles netjies is.



## Grootgroepbediening (GGB)

### Gebed, verwelkoming en verjaardagwense

- Nadat die kleuters op hulle kombes om hulle KGL rustig gemaak is, kan daar nou met gebed geopen word. (Vgl Ontmoeting 1 vir motivering hiervan.)
- Die GGL heet almal, veral nuwe en besoekende kleuters, welkom en wens kleuters geluk wat sedert die vorige Ontmoeting verjaar het.

### Sang

- Twee of drie kort liedjies wat die kleuters ken en lekker kan saamsing, kan nou gesing word.
- 'n Lied wat by die boodskap aansluit, kan ten slotte gesing word, bv *Kyk hoe vas die vriende saam, vers 1* (CD: Carike Keuzenkamp, Kom sing en loof, snit 9).

### Boodskap

#### Agtergrondinligting

Verduidelik die volgende woorde/ frases (met behulp van 'n handpop): Jode (Die nuwe naam van die Israeliete), vir God dien (Om vir God lief te wees, te gehoorsaam en te doen wat Hom bly maak), sorg (As iemand jou help of beskerm of oppas), paleis (Die koning se huis), ens.

Wys ook die groot kaart en beklemtoon die ligging van Juda en Babilonië.

#### Inleiding

(Die groot kaart is reeds teen die muur met 'n groot genoeg tafel daaronder waarop die verskillende karakters op gepaste tye met gepaste bewegings geplaas en geskuif kan word. Dié plasing, sonder die kaart, bly ook vir die volgende twee Ontmoetings daar. Die groepies Jode asook Daniël en sy 3 Vriende is reeds aan die kant van Juda geplaas en die koning reeds aan die kant van Babilonië. Wys ook op gepaste tye na Juda en Babilonië om die kontras tussen die aanbidding van die lewende God in Juda en die dooie gode in Babilonië te beklemtoon.)

Maatjies, ons gaan die volgende drie Sondae na drie baie mooi Bybelstories van Daniël en sy 3 Vriende luister ... en in dié drie stories gaan ons elke keer hoor of Daniël en sy 3 Vriende aanhou om vir God te dien ... en of Hy vir hulle sorg. O, julle gaan somer baie van hierdie drie Bybelstories hou!

#### Spanningslyn

Die koning en sy soldate van 'n ver-ver land (Wys na Babilonië.) het teen die Jode in die Jode se land gaan veg (Wys na Juda). Die Jode se land se naam was Juda en die ver-ver land se naam was Babilonië. Sê Juda ... en Babilonië? ... (Dn 1:1)

Die koning van Babilonië en sy soldate het die Jode gewen en party van die Jode na hulle ver-ver land toe gevat. Maar baie Jode het nog in Juda agtergebly. (Dn 1:2)

Hoekom het die koning party van die Jode na sy eie land toe gevat? Die koning het gehoop dat die Jode hier in die ver-ver land (Wys na Babilonië.), ver weg van hulle eie land af (Wys na Juda.), *van God sal vergeet* (Plaas prent van kroon (wat God voorstel) op kaart in Juda.) *en die koning se dooie gode sal dien.* (Plaas prent van afgod op kaart in Babilonië.) Dan kan hy hulle later na hulle eie land toe terugstuur (Wys na Juda.) om ook daar *die dooie gode te dien* en die Jode, wat nog daar gebly het, te sê om dieselfde te doen. (Wys na afgod.) Daarom het die koning ook jong manne, wat eendag leiers van die Jode sal word, na Babilonië toe gevat. As hulle eendag as leiers van die Jode na hulle eie land toe teruggegaan (Wys na Juda.), sal hulle vir die ander Jode, wat nog daar bly, sê *om die dooie gode te dien* (Wys na afgod.), en dan moet hulle doen wat hulle leiers sê. (Dn 1:3)

Die koning van Babilonië het toe 'n skelm plan gemaak dat die jong manne onder die Jode nou al *van God kan vergeet* (Wys na kroon.) *en die dooie gode kan begin dien.* (Wys na afgod.) Hy het vir een van sy werkers gesê om die mooiste, gesondste en slimste jong manne onder die Jode te gaan kies. Hulle moes vir drie jaar leer om daarna in sy paleis vir hom te kom werk. Die jong manne moes in die drie jaar net van die koning se kos eet en van sy wyn drink. (Plaas stuk vleis op bord en leë wynglas uit.) Maar wat was nou so skelm daaraan? Die kos wat die koning geëet het, was vleis wat hulle ook vir die dooie gode gegee het. As die jong manne dan die kos van die koning sou eet, het dit gesê dat hulle, net soos die koning, vriende van die dooie gode is en hulle dien. So sou hulle dan na drie jaar *van God vergeet* (Wys na kroon.) *en die dooie gode begin dien.* (Wys na afgod.) Maatjies, sien julle hoe skelm die koning is? (Dn 1:3-5)

Daniël en sy 3 Vriende was van die jong manne wat die werker van die koning gekies het om vir drie jaar te leer om in die koning se paleis te gaan werk en van die koning se kos te eet. Wat gaan Daniël en sy 3 Vriende doen? Gaan hulle van die koning se kos eet? (Dn 1:6-7)

Daniël het geweet dat dit sal wys dat hulle van die dooie gode hou en hulle dien. Daniël het toe vir die koning se werker gesê dat hulle nie van die koning se kos sal eet en sy wyn sal drink nie. *Hy en sy 3 Vriende sal aanhou om net vir God te dien* (Wys na kroon.) *en God sál sorg* dat hulle so gesond soos die ander jong manne sal lyk. (Dan 1:8-10)

Daniël het toe vir die man, wat die koning se werker gehelp het, gevra of hy en sy 3 Vriende asseblief vir tien dae net groente en water kan kry. Dan kan die man kyk of hulle net so gesond soos die ander jong manne sal lyk. Die man het gedink dat dit 'n goeie plan is en toe 'ja' gesê. (Plaas bord met groente en glas water uit.) (Dn 1:11-14)

Die dae het verbygegaan ... 1 ... 2 ... 3 ... 4 ... 5 ... 6 ... 7 ... 8 ... 9 ... 10! Toe die man na hulle gaan kyk het, het hy gesien dat hulle somer baie gesonder as al die ander jong manne gelyk het! Ja, hy sal die kans vat en aanhou om vir hulle net groente en water te gee. As hulle na tien dae gesonder as die ander jong manne is, sal hulle seker na drie jaar ook gesonder as hulle wees? En dan kan die koning mos nie met hom raas nie? Van toe af het Daniël en sy 3 Vriende net groente gekry om te eet en water om te drink. *So het Daniël en sy 3 Vriende aangehou om vir God te dien en hulle het geglo dat God vir hulle sal sorg* om na drie jaar net so gesond, of miskien gesonder, as die ander jong manne te lyk. (Dn 1:15-16).

Die drie jaar was verby. Al die jong manne het nou voor die koning kom staan. Hy het hulle elkeen goed deurgekyk. (Dn 1:18-19a)

Sal Daniël en sy 3 Vriende gesond lyk? ... Sal hulle goed genoeg wees? ...

## Klimaks

Maats, Daniël en sy 3 Vriende was so goed, hulle was sommer baie, baie slimmer as die koning se eie slimste mense! So het Daniël en sy 3 Vriende nie die dooie gode van die mense van Babilonië gedien nie (Wys na afgod.), maar aangehou om vir God te dien (Wys na kroon.) en God het gesorg dat die koning ook vir hulle gekies het om in sy paleis vir hom te werk! (Dn 1:19b-20)

## Afsluiting

Die Here het nog aangehou om vir Daniël te sorg, want Daniël het vir nog lank in die koning se paleis gewerk. (Dn 1:21)

## Finale toepassing

Ons moet ook soos Daniël en sy 3 Vriende aanhou om vir God te dien, ja, om te doen wat Hom bly maak ... En Hy sal vir ons sorg ...

## Sang

Die lied net voor die aanvang van die boodskap en wat by die boodskap aangesluit het, kan nou weer gesing word.



## Kleingroepbediening (KGB)

### Lewensdeling

Die teenwoordigheidsregister is met die Ontvangs klaar op 'n kreatiewe manier afgehandel. Kleuters kan vertel toe dit eenkeer vir hulle sleg was en geglo het dat die Here vir hulle sal sorg.

### Hersiening

- Wat het die koning gesê moet Daniël en sy 3 Vriende doen?
- Hoekom het Daniël en sy 3 Vriende nie die koning se kos geëet nie?
- Wie was die slimste: Daniël en sy 3 Vriende of die ander jong manne?
- Wie, dink julle, het vir Daniël en sy 3 Vriende gehelp of gesorg?

### Aktiwiteit

- Die kleuters gaan 'groente' maak.
- Elke kleuter kry 'n balletjie klei van elk van die drie kleure van ongeveer 'n gholfbalgrootte.
- Hulle kan op die polistireenbord enige groente maak waarvan hulle hou.
- Kleuters moet die 'groente' huis toe neem, vir hulle ouers/ voogde vertel hoe dit by die dag se boodskap pas en vir hulle ouers/ voogde verder van die dag se kleuterkerk vertel.

### Gebed

Jesus, help my om U altyd te dien. Amen.



## Verversings

Elke kleuter kan miskien groentestukkies kry wat op tandestokkies geryg is, bv wortelringetjies, komkommerstukkies, gaar beetblokkies en groenboontjies.